
2026

# DIE KOORD

UNIVERSITEITSOORD

JULIE-AUGUSTUS

NO. 719



DS ANUSCHKA DU PLESSIS

In Vrouemaand dink ons dikwels aan die vroue wie se stemme iets in die kerk en in die wêreld help skuif het. Een van dié stemme is **Dorothee Sölle**, 'n Duitse teoloog, digter en aktivis wie se denke diep gevorm is deur die Nazi-bewind en die Holocaust.

Juis daarom was sy baie skepties oor 'n geloof wat só persoonlik raak dat dit uiteindelik net privaat bly. Nie omdat 'n persoonlike verhouding met God onbelangrik is nie, maar omdat sy vra: **Wat doen daardie verhouding met die manier waarop ek leef?**

As Christus net my troos, my red en my seën, maar my nooit nader trek aan ander mense se pyn, nood en menswaardigheid nie, het die evangelie dalk by my begin — maar ook by my geëindig. Sölle beskryf daarom die beweging van die evangelie met 'n eenvoudige gedagte: ***"The 'for me' becomes 'for us'."***

Een van Sölle se gedigte, ***Dream Me, God***, sluit besonder mooi hierby aan. Sy bid dat God nie moet ophou om haar te "droom" nie — om haar aan te hou vorm tot die mens wat sy nog kan word.

En dalk kan ons dié gebed 'n bietjie groter bid:
**Droom óns, God. Droom NG Universiteitsoord!** Moet asseblief nie ophou om hierdie gemeente te vorm nie. Droom ons verder as dit wat gemaklik en bekend is. Verder as ons vrese. Verder as ons eie belange.

In die gedig skryf Sölle oor twee bewegings wat amper teenoor mekaar staan: om te leer om **regop te loop** en om te leer om te **kniel**. Maar dalk hoort hulle juis bymekaar.

Ons leer om voor God te kniel — nederig, afhanklik en luisterend. Juis omdat ons voor God kniel, kan ons voor die wêreld regop staan. Regop teenoor onreg. Regop teenoor die vrees dat daar nie genoeg mense, geld, energie of toekoms vir ons gemeentes is nie. Dit is dalk een van die mooi dinge van kerkwees: God droom nie net met elkeen van ons afsonderlik nie. God vorm ons saam.

Mag die "vir my" van ons geloof altyd weer 'n **"vir ons"** word. En mag dit ons gebed bly: **Moet asseblief nie ophou om ons te droom nie, God. Leer ons om voor U te kniel —
en om saam, in hierdie wêreld, regop te staan.**

**Dream me, God - Dorothee Sölle**

*Dream me, God*

*It’s not you who should solve my problems, God,*

*but I yours, God of the asylum-seekers.*

*It’s not you who should feed the hungry,*

*but I who should protect your children*

*from the terror of the banks and armies.*

*It’s not you who should make room for the refugees,*

*but I who should receive you,*

*hardly hidden God of the desuhlit.*

*You dreamed me, God,*

*practicing walking upright*

*and learning to kneel down*

*more beautiful than I am now,*

*happier than I dare to be*

*freer than our country allows.*

*Don’t stop dreaming me, God.*


*I don’t want to stop remembering*

*that I am your tree,*

*planted by the streams*

*of living water.*

# PREEKBEURTE




# ALLE INLIGTING




WAT IS DIE BOSVELDUITREIK?
Die uitreik is een van die lekkerste uitreike by Universiteitsoord.
Dis 'n geleentheid waar ons teruggee aan die gemeenskap en uitgaan om 'n verskil te maak. Ons gaan die Here ontmoet onder die sterrehemel lag en gesels, en om 'n heerlike vuur nuwe vriende maak in die bosveld.

WATTER TIPE UITREIKE DOEN ONS?
Moontlike uitreike sluit in: om 'n ouetehuis, kinderhuis en minderbevoorregte mense te besoek. Ons wil ook gemeenskappe help deur om 'n kerk of skool te verf, of selfs 'n swaai te bou.
Ons gaan met mense gesels, met kinders speel, en gaan baie leer en inspirasie vind in hul stories.

# TSHIPISE-UITREIK

Iewers daar doer
in die heel boonste hoekie van ons land
het die studente van Unioord
elkeen 'n kindjie gevat aan die hand

Van deurnag in die warm swembad swem
tot wenners wen
is Tshipise die plek waar ons deur al die mannewales
ons Vader se hart 'n bietjie beter kon leer ken

Daar is min dinge so lekker soos  potjiekos
of 'n bid-buddy in die middel van die bos
en 'n vreemde tannie se melkkos
laat ons vir 'n wyle ons alledaagse probleme los

En of dit nou die poppe of die bokke is wat hier kom
deur alles, moes ons onthou
dat elke ding wat ons doen
eer bring aan Hom

Het jy al ooit op braaipap gesokkie
of 'n stewige gesprek aangeknoop
met ons busbestuurder, oom Tokkie
oor 'n koppie koffie?
Vroeg opgestaan om poppekas te hou
en lank na slaaptyd wakker gebly om chats te bou?

Opnuut het dit ons herhinner
deur die wysheid van 'n swaeltjie
of die geloof van 'n kind
om ons harte aan ons Here
styf vas te bind

Want so stuur Ek julle
om berge te verskuif
dalk 'n traantjie te pik om 'n kampvuur
of kraletjies te ryg

Volleyball te speel
vir 'n uur te luister na 'n oom se lewensstorie
en ons harte met mekaar te deel

Maar die bobbejane klim saam berg
en tot die bosapie se stert weet
Tshipise 2026 was 'n uitreik
wat ons nie sommer
sal vergeet

*Monique Roolvink*











# *Handevat* FIETSTOER-UITREIK

Wat 'n ervaring en 'n voorreg. Hierdie jaar se fietstoer was weer eens 'n reuse sukses, met groot glimlagte, seer-getrapte-bene en pragtige natuurskoon soos ons van kerk na kerk tot in Botswana getoer het.



Met die uitreike het ons baie liefde uitgedeel en ervaar saam oud, jonk en mense met duisende verskillende stories wat jou laat skaterlag en soms 'n traan laat rol.

Saam met 22 lawwe studente, spokies, hoenders, windpompe, damduikers en laat nagte om die vuur wil jy nie volgende jaar uitmis nie.

Karel Albrecht







Liewe leser
Hoe kan ek die ongelooflike ervarings van Boons tot Botswana in ń paar woorde saamvat? Dag 1 se verskriklike bulte het met sy eie beproewings en gebede gekom. Dit was wel die trap werd toe ons met lekker melktert en goeie geselskap verwelkom word.

My beker loop oor van dankbaarheid na die week. Soveel mense het hulle huise en harte vir ons oopgemaak. Van stories en lewenswyshede wat gedeel word tot lag dat die trane loop, saam sing en opreg en eerlik nog steeds voor mekaar te kan staan aan die einde van die dag.

Die skrif van week was Galasiërs 5:13-26, waar ons dieper in die vrugte van die Gees gedelf het. God het elke dag opnuut vir my openbaar wie in Sy weë lewe, sal Sy vrugte dra.

Ek het gegaan met die doel om te gee, maar het soveel meer ontvang. Met seer bene en min slaap het ek ongelooflike mooi vriende gemaak wat ook my passie vir die Here deel.

Ek los julle met die volgende: Psalm 16:11 "U sal my die pad van die lewe bekend maak; versadiging van vreugde is voor U aangesig, lieflikhede in U regterhand, vir ewig."

Seën en liefde
Anja











Dit is bitter min dat 'n mens die voorreg het om deel te wees van 'n uitreik soos die Handevat Fietstoer. Dit is nog skaarser dat die groep mense wat saamgaan, MEKAAR ook met soveel liefde en deernis hanteer.

Ek het gedink ek gaan op hierdie uitreik om ANDER te help. En ja, dit het ek beslis reggekry. Maar boonop, het ek iets ongelooflik van die Here se genade en liefde ervaar. Daar was vreemdelinge wat ons soos hulle eie kinders hanteer het en mense wat nie geskroom het om vir ons borge te gee nie. Dit is asof ons die liefde wat ons gekom het om met ander te deel, meermale terug ontvang het.

Die Bybeltema van hierdie fietstoer was die Vrugte van die Gees. Ons het elke aand deur die teks van Galasiers 5:13-26 gewerk. Elke aand het daar steeds nuwe dele uit die teks uitgestaan, wat gepas het by die gebeurtenisse van die dag.
Ons het hierdie vrugte of eienskappe op wonderbaarlike maniere beleef.
Die vreugde by die uitreike met die kinders was aansteeklik gewees. Om die kampvuur kon mens die vrede in almal se harte en oë raaksien. Selfs deur die harde bulte se uittrap, het ons mekaar aanhou aanmoedig.

Opmerklik het elkeen op die toer die Here se teenwoordigheid op hulle eie manier ervaar.

Die toer het my oë oopgemaak vir al die seer in ons land, maar ook al die goeie werk wat reeds aan die gang is. Dit het my hoop gegee en ek sal dit enige tyd weer doen.

Bo alles, was God se Getrouheid die gedagte wat deur die hele toer gestraal het. Die Here was sonder twyfel daar in elke oomblik. Hy het ons beskerm tydens uitdagings soos fietswaprobleme en modder-vassit. Elkeen se ervaring en stories van die toer is n nuwe getuienis dat ons 'n ongelooflike Here dien wat dag na dag aan ons onstuitbare genade bewys.


*Evelynne*

***Dunn, James D. G. 2010. Did the first Christians worship Jesus? The New Testament evidence. Louisville: John Knox Press.***

Dunn vat lesers terug na die begin van die proses wat kulmineer het in die Triniteitsleer. Hy lees dus relevante Nuwe Testamentiese tekste soos dit bedoel was vir die vroegste gehoor, nie deur die lens van teologiese ontwikkelings van die 2e tot 4e eeue nie. In hoofstuk 1, oor die taal van aanbidding gee hy `n oorsig van tekste waarin die Griekse terme voorkom wat met "aanbid(ding)" vertaal is. Hy gee ook `n oorsig van verwante begrippe, soos doksologieë en seënbedes. Die konklusie is dat Jesus nie die objek was van kultiese aanbidding nie, ook nie van dank en lofprysing nie. In hoofstuk 2 bespreek Dunn praktyke van aanbidding soos berig in die Nuwe Testament. Eksplisiete gebed word deurgaans tot God gerig. Waar gebedstaal versoeke of invokasies uitdruk, word die Naam van Jesus aangeroep, versoeke tot Hom gerig, of deur Hom tot God gebid. Jesus het die Paasmaal genuttig, maar sy volgelinge het dit vervang deur die "maaltyd van die Here" (1 Kor. 11:20), wat die band met Hom bevestig het. Vir sover Paulus en andere Jesus se kruisiging gesien het as `n offerande vir sonde en plaasvervanger vir die sondebok op die Dag van Versoening (Yom Kippur) het dit die Israelitiese offerrituele oorbodig gemaak. As slotsom vir die hoofstuk herformuleer Dunn sy vraag as volg: "Was earliest Christian worship possible without and apart from Jesus?" (bl. 58). As aanloop bespreek hy die term "God" en "the relation of Jesus to that term" (bl. 59). Die sentrale leerstuk van die Judaisme is vervat in die Shema, Deut. 6:4. Die "gees van God" is verstaan as `n dimensie van God, `n manier om te verwys na sy krag en teenwoordigheid. Die "woord van God" reflekteer sy "self-manifestation in creation...what is knowable of God" (bl. 83). Oor die vraag of Jesus as eerste-eeuse Jood `n monoteïs was, stel Dunn dat Jesus tot die Een God gebid en Hom bely het. Hy het waarskynlik "a pious upbringing" in die Joodse tradisie ontvang (bl. 94). Die geloof dat God alleen aanbid moet word blyk telkens uit sy leringe; een voorbeeld is Mark. 10:17-18. Dunn bespreek verskeie van Paulus se tekste oor Jesus as die Heer, en beweer hoewel Jesus altyd onderskei word van God (die Vader), was Hy "on...the divine side of the act of worshipping the one God" (bl. 107). Dunn beweer ook dat Johannes in sy evangelie "clearly felt free to attribute to Jesus words and sentiments that Jesus himself probably never uttered while on earth" (bl. 139). `n Voorbeeld is die "Ek is" stellings in die Johannes-evangelie. Terwyl Joodse teologie aanvaar dat "the Word is the self-revelation of God, the way God makes himself known" (bl. 121), voer Johannes dit verder deur Jesus as die vleesgeworde Woord voor te stel (Joh. 1:14). Terwyl Woord en Wysheid altyd verstaan is as "the presence of God in the world, God acting upon the world" (bl. 124), vereenselwig Johannes dit met die persoon van Jesus. Oor die vraag of die NT na Jesus verwys as God/god wonder Dunn hoe dié siening te versoen is met vroeë Christene se onthou dat Jesus self gesê het God alleen mag aanbid word, en dat Hy self gereeld tot God die Vader gebid het. In sy bespreking van relevante tekste vind Dunn nie `n eksplisiete bevestiging van die klassieke Triniteitsleer nie. Die slotsom van sy ondersoek is dat "the first Christians did not think of Jesus as to be worshipped in and for himself...as wholly God, or fully identified with God, far less as a god" (bl. 146). As hy aanbid is, was dit "worship offered to God in and through him, worship of Jesus-in-God and God-in-Jesus" (bl. 146). Dunn waarsku teen aanbidding "that has become too predominantly the worship of Jesus" (bl. 147).

Hy herinner ook dat "the oneness of God" nie beskou moet word as "narrowly defined mathematical unity" nie (bl. 149). Vir die eerste Christene was Jesus die Een deur wie God na die mense gekom het; deur wie God se teenwoordigheid meer volledig beleef is as ooit vantevore; "the character of God has never been revealed so fully and profoundly as in Jesus" (bl. 150). Daarom word Christene se aanbidding van God moontlik gemaak deur Jesus, en aanbid Christene God soos wat Hy in en deur Jesus openbaar is.

GERHARD VAN DER LINDE




KASKAR

# DRIVE TO SURVIVE

Wat 'n wonderlike dag!
'n GROOT dankie aan elkeen wat 'n bydrae gemaak het, pannekoek gebak het, iets lekkers voorberei het of op enige manier gehelp het om Kaskar 2026 'n sukses te maak!
Dankie aan almal wat aan ons resies deelgeneem het, ons DRIVE TO SURVIVE-fondsinsameling ondersteun het, of sommer net kom saamkuier, eet en die dag geniet het.
En dan 'n PODIUM-GROOT DANKIE aan al ons ongelooflike borge!
Tot volgende keer...

**BORGE KASKAR SPONSORS**

UNiQON

PLATINUM LIFE

Behavioural Engineering

Couzyn Hertzog & Horak Prokureurs • Attorneys Gestig 1929 Established

PBE Consulting Structural & Civil Engineers

Jeremie Malan architects • interiors

**JS PIETERSE WAARDEERDERS**

MEG Architects | Argitekte

**ILCA**

**VAN DER SCHIJFF KONSTRUKSIE**

**DE WET DRILLING**

MAHELA

**NOUVELLE LA COTTE SITRUS**

**BOSVELD SITRUS**


**CP MINNAAR EN SEUNS**

**ELOFF BOERDERY**


KASKAR
King Price
SPENS

NG UNIVERSITEITSOORD

# Orrel
# HERINWYDING
# 2026



Met dankbaarheid vier ons die
herinwyding van hierdie instrument
wat opnuut toegewy word
tot die eer van God,
die begeleiding van gemeentesang
en die kuns van orrelspel.



| | |
|---|---|
| 20 September | Sangdiens |
| 14 Oktober | Konsert I & Sleuteloorhandiging |
| 18 Oktober | Konsert II |
| 8 November | Konsert III |
| 25 November | Kerskonsert |

Vir meer inligting:

www.universiteitsoord.co.za/musiek-en-konserte

Duxburyweg 105, Hillcrest, Pretoria, 0083


PRET
DRAF
2026
31.10.2026
INSKRYWINGS
OPEN 06:00
2.5KM
07:15
R30
5KM
07:15
R50
8.5KM
07:00
R80
105 DUXBURY
HILLCREST
PRETORIA
FUN RUN
PRETDRAF
20
26
UNIVERSITEITSOORD

UNIVERSITEITSOORD




## MEER INLIGTING

linktr.ee/universiteitsoord

## KONTAK ONS

Kerkkantoor:
066 408 0909
kantoor@unio.co.za
Maretha Minnaar
Finansies & Admin
Maryna Enslin
Bemarking & Kommunikasie

Predikante:
Arno Meiring
Tuisgemeente
082 807 4530
arno@unio.co.za

Anuschka du Plessis
Amicus - Dagstudente
072 599 0695
anuschka@unio.co.za

Christian Oberholzer
Meraki - Koshuisstudente
082 349 7317
christian@unio.co.za



## DIENSTYE

Sondae 09:30 & 19:00

## ADRES

Duxburyweg 105, Hillcrest, Pretoria, 0083

*Is jy uitstedig?*

**volg ons dienste op**

YouTube

www.universiteitsoord.co.za/preekopnames

## DANKOFFERS

NG Gemeente Universiteitsoord
ABSA
Tjekrekening
Takkode 632005
540 580 006

SnapScan

www.universiteitsoord.co.za